

Inhoud Hierdie preek wys dat die nuwe sosiale kontrak van Suid Afrika dat almal rustig en veilig is in die ooreenkoms dat elkeen vir homself sy eie god vir sy eie sondige drifte kan opmaak, is 'n waanbeeld. Dit wys ook dat in hierdie sosiale kontrak is dit hulle wat in Christus glo, wat hierdie nuwe sosiale orde om rus en vrede met sonde te hê, bedreig. Christene se rus en veiligheid is hulle lewe saam met Christus. Hulle lewe in geloof, liefde in hoop is 'n lewe in die lig wat kom met die oordeelsdag van Christus. Die rus en veiligheid waarin die nuwe heidense gemeenskap van Suid Afrika leef, is die duisternis van 'n gemeenskap onder die oordeel van God. Omdat Christene reeds in die lig leef wat gaan kom met die oordeelsdag, kan hulle rustig en veilig, wakker en nugter leef ten spyte van die bedreiging van hierdie nuwe heidensedom in Suid Afrika.

Skriflesing Handdeling 17: 1-8; 1 Tessalonisense 1:1 – 10, 4: 4 – 8, 5: 1 – 11.

Teks 1 Tess. 5: 5,6: Julle is tog almal mense van die lig, mense van die dag: ons is nie van die nag of duisternis nie. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en nugter wees.

Tema In ons onversteurbare rus met God leef ons wakker en nugter in donker tye

1. Paulus se brief is gerig aan die gelowiges in die stad Tessalonika wat toe die hoofstad van die Romeinse provinsie Masedonië was. Dit is vandag nog die stad Salonika in Griekeland. Hierdie is die heel eerste brief wat Paulus skryf het wat ons in die Bybel het. Paulus is met die skryf van hierdie brief nog besig met sy tweede sending reis en is of in die stad Athene of Korinte terwyl hy die brief skryf.

Hy skryf hierdie brief aan gelowiges wat dreig om moedeloos en ongemotiveerd te word in hulle geloof in en toewyding aan Jesus Christus. Daarom doen hy die oproep dat hulle mekaar moet moed inpraat en versterk met die woorde wat Paulus vir hulle in hierdie brief skryf.

2. Wat hierdie moedeloosheid en ongemotiveerdheid inhou, sien ons in hoofstuk 3 van die brief. Paulus het van die stad Filippi op sy sendingreis in Tessalonika aangekom en drie opeenvolgende Sabbatsdae na mekaar in die sinagoge in die stad die evangelie oor Jesus Christus verkondig.

Deur hierdie evangelie bediening het van die Grieke in die stad hulle bekeer van hul afgode. Die beelde van hierdie afgode wat die Grieke aanbid het, word vandag nog oor die hele wêreld in museums as kunswerke uitgestal. In die tyd van Paulus se brief was dit nie kunswerke in museums nie. Dit was gode wat in stede in tempels gestaan het en aanbid was. Hierdie Grieke het hul van hierdie afgode bekeer en tot geloof in Jesus Christus gekom en Hom as Here begin dien. Paulus stel dit só in 1:

9: “die mense vertel self hoe julle ons ontvang het en hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het, en nou die lewende en ware God dien.”

3. Uit 3 verse 1 -3 sien ons dat dit in hulle geloof in die Here se genade en liefde, in hulle liefde volgens God se wet en hulle hoop op die koms van Christus is dat hulle nou dreig om moedeloos en ongemotiveerd te word.

Die rede hiervoor is dat hierdie geloof, liefde en hoop, hulle losgemaak en vervreem het van hulle volksgenote wat in hul goddeloosheid vir hulle afgode gemaak het om hul sondes te regverdig asof dit godsdien is. Paulus stel dat hul volksgenote heidene is wat God nie ken nie en deur hulle hartstog en begeertes gedrywe word. 4:5

Dit is hoe 'n heidense gemeenskap as openbare gemeenskap leef. Die openbare gemeenskap word aangedryf deur die goddelose hartstogte en begeertes van die massa. Dit is die sosiale kontrak wat die volksgenote as meenskap met mekaar gesluit het en waartoe hul mekaar verbind het.

Nou het hierdie gelowiges hulle van hierdie hartstogte en begeertes losgemaak en as 'n klein minderheidsgroep leef hulle nou gemotiveerd deur geloof, liefde en hoop.

4. Die spyker is die doodskis vir hierdie gelowiges was die openbare mening oor hierdie sondige hartstog- en begeerte-gedrewe gemeenskap dat “Alles is rustig en veilig.” soos Paulus dit in 5 vers 3 uitwys.

Hierdie houding “Alles is rustig en veilig” is nie sommer net 'n persoonlike mening van 'n paar onsedelikes nie. Dit is die openbare mening oor sosiale rus en orde in die gemeenskap. Die sosiale kontrak wat hulle met mekaar gesluit het oor wanneer en hoe kan daar openbare rus, orde en veiligheid in die gemeenskap sal wees.

Die openbare rus en veiligheid was dat elke afgod 'n eie sondige drif en sondige begeerte as 'n sosiale deug en plig binne die volk geregverdig het. Die nuwe Afrikaanse vertaling stel dat heidene leef uit wellustige begeerte. 4:5 Dit was die openbare rus en veiligheid van die Romeinse Ryk – elkeen mag afgode maak om sy drifte mee te bedryf en te regverdig.

- Dronkenskap was feesvieringe in die naam en met die seën van die god Bacchus.
- Seksuele losbandigheid was die inspirasie en liefde wat die godin Venus in mense laat ontvlam het.
- Geweld en moordlus was die krag en drif wat die god Apollo in mense aangewakker en aangedryf het.

Dit is wat Paulus uitwys met sy beskrywing dat die volk heidene is wat deur sondige hartstogte en begeertes gedrywe word. Elkeen maak soos hy wil, en almal aanvaar mekaar se sondige begeertes as goeie sosiale deugdes. Dit is hoe 'n mens in hierdie heidense gemeenskap rustig en veilig geleef het, bedoelende dit is hoe jy in die gemeenskap vorentoe gaan en van jou lewe 'n openbare sukses maak: om geweld te gebruik om jou sin te kry, om met losbandigheid jou aanspreeklikheid te ontduik, om inhalig en gierig jou ten koste van ander te verryk en om selfsugtig net in jou eie belang op te tree, is die rus en vrede waarin hierdie heidense gemeenskap leef.

Binne die Romeinse Ryk was alle sondes goeie deugdes van goeie afgode. Daar was net een onvergeeflike sonde wat nooit deur 'n afgod geregverdig mag gewees het nie – die aantasting van die absolute mag van die Romeinse keiser. Dit was nie sonder rede nie. Die absolute onaantasbare mag van die keiser was al wat onbetwisbaar reg is en nooit verkeerd kan wees nie. Alle ander magte en kragte en gode kon bedryf word, net solank hulle nie hierdie absolute mag bedreig nie.

Dit is juis hierdie absolute mag van Rome wat gode relatief en goed gemaak het en sondes in die gemeenskap openbare deugdes gemaak het. Elke god het 'n plek en elke sonde was goed, omdat net die keiser absoluut reg en nooit verkeerd is nie.

5. En toe kom volgens Handelinge 17 'n groot aantal godvresende Grieke en 'n aansienlike aantal vooraanstaande vroue tot bekering. vers 4

Hulle geloof in die evangelie dat Jesus vir hulle sonde gely het en uit die dood uit opgestaan het om vir hulle die Christus te wees, (Hand.17: 3) hulle liefde vir God volgens sy geboorte en hulle hoop dat Christus die wêreld regeer en sal oordeel, het nou openbare onrus geskep en die gemeenskap se orde en veiligheid bedreig.

Hoe so?

Want nou is daar 'n groep mense wat breek met hul sondige hartstogte en begeertes en alles waardeur daar rus en vrede is, openlik as 'n sonde teen God uitwys in hulle sondebelydenisse.

6. Dit is wat die gemeenskap ook laat meedoen het aan die oproer in die stad teen Paulus en Silas. U moet baie goed let op die beskuldiging wat teen hulle ingebring word deur die gemeenskap: dat hulle in stryd handel met die keiser se wette en sê dat daar 'n ander koning is, Jesus! Hand. 17: 7. Dit is 'n verdraaide beskuldiging wat dit laat klink of die apostels met 'n politieke opstand teen die keiser besig is, maar die driftigheid waaroor dit in die beskuldiging gaan, is waar.

Die Here Jesus is die Here van die keiser. Hy is God in wie se diens die keiser staan en aan wie se mag as God die keiser onderworpe is. Die Romeinse keisers is as gode vereer en daarom is die bekeerdes in Tessalonika se geloof 'n bedreiging vir

die absolute mag van die keiser wat glo en optree asof hy God is. Wat ook waar is, is dat die bekering tot Christus die hele openbare orde van die Romeinse Ryk dat elkeen sy eie afgod kan maak om sy eie sonde mee te bedryf, nou bedrieg. Want deur die Christene se geloof is elke god nou as 'n afgod openbaar en elke goeie deug van die heidene nou as sondes openbaar!

Om in die Here se liefde volgens die evangelie te glo en Hom volgens sy geboorte lief te hê, bedreig die heidense sosiale kontrak dat elkeen sy eie sonde met sy eie god kan bedryf en net die keiser se mag absoluut is. Dit bring die rus en veiligheid van 'n heidense gemeenskap in onrus en konflik.

Daarom moes hulle van hul volksgenote nou dieselfde behandeling verduur as die Jode wat in Jerusalem tot geloof gekom het. 2: 14 Hulle word gesien as mense wat die sosiale kontrak oor sonde en afgode "Alles is rustig en veilig" omvergooi!

7. Paulus se oproep tot hierdie heidene wat nog maar enkele maande gelowiges is, is om waaksaam en nugter te wees.

Hierdie oproep tot waaksaamheid en nugterheid beteken dat hulle nie mag rustig raak waarmee die openbare gemeenskap rustig is nie en dat hulle veilig mag voel met dit waarmee die openbare gemeenskap veilig mee voel nie.

Paulus wys op die radikale onversoenbaarheid en verskil met dit waarin die heidense gemeenskap rustig en veilig voel teenoor dit waarin gelowiges rustig en veilig voel as die verskil tussen dag en nag, lig en duisternis. Waarin die heidene rustig en veilig voel, is vir die gelowiges nag en waarin die gelowiges rustig en veilig voel is dag.

Op 'n ironiese wyse stel Paulus dan dat die koms van Christus vir hierdie heidene wat in die nag en duisternis leef, soos die koms van 'n dief in die nag sal wees.

8. Waarin moet gelowiges volgens Paulus binne hierdie verwarring tussen dag en nag, lig en duisternis hulle versterking, bemoediging en vertroosting vind?

Dit is die uitsonderlike van hierdie bemoediging: in die oordeelsdag wat kom! Die onverwagte koms van die Here soos 'n dief in die nag, is die bemoediging om in die liefde, geloof en hoop te volhard binne die heidense begeerte-gedrewe gemeenskap.

Dit is die dag waarop God die onderskeid tussen dag en nag, lig en duisternis op die aarde gaan wegvat. Die oordeelsdag is die koms van die dag na die nag. Die vertroosting vir die kerk lê in dit wat die Here met hierdie dag gaan doen: Hy gaan ons nie straf nie, maar finaal verlos om ewig saam met Hom te leef. 5: 9,10.

Finaal verlos beteken dat ons nou reeds geen straf, oordeel of vervloeking vir ons sondes ontvang nie, maar dan ook verlos sal word van ons sondige neigings om vir ewig met God sonder enige sondige drif of neiging te leef. Vir die heidene is dit die finale oordeel: dat hulle deur Jesus Christus gestraf sal word vir hul afgode waarmee hulle hul sondes as openbare deugdes bedryf het.

Daarom leef elke gelowige nou reeds in die rus en veiligheid om nou en vir ewig met die Here in sy liefde vir ons leef, en dat die oordeelsdag net hierdie rus en veiligheid vir altyd sal verseël. Ons leef onversteurbaar vir ewig in die rus en veiligheid dat God ons liefhet en ons sondes nooit sal straf nie.

9. Paulus noem die openbare sosiale kontrak van heidene dat hulle rustig en veilig is in hulle lewenswyse waar hulle begeertes hulle deugdes is, dronkenskap!

Dit is die rustigheid en veiligheid van suiplappe wat deurnag drink!

Hulle wat hulle dronkdrink het geen sorge nie, geen bekommernisse nie, en vir hulle is alles rustig en veilig in hulle dronkenskap. Maar dit is net omdat en terwyl hulle dronk is. In die werklikheid waarin hulle rustig en veilig dronk is, is daar geen rus en veiligheid nie.

Dit is juis die teendeel. Deur hulle dronkenskap is hulle in totale wanorde en is hulle in alles wat hulle moet wees en doen, bedreig. In hulle onderworpenheid aan die absolute mag van die keiser waarin hulle afgode vir elke sondige drif kan opmaak met die seënwenne van die keiser, is hulle werklik lewende 'n totale wanorde en is hulle in alles wat hulle doen, hulle eie grootse bedreiging.

Die geloof dat hulle in al hulle begeertes en drifte rustig en veilig is, is die illusie van dronkmense. God self is die Een wat hulle vyand en teenstander is, in hierdie waan van rustigheid en veiligheid. Hy is die een wat hulle waan met sy oordeel en straf tot die werklikheid terugbring en sal terugbring.

10. So wie is rustig en veilig?

Wie kan ongestoord, moedig en versterk aangaan waarmee hulle besig is? Hulle wat saam met Christus in sy liefde leef, of hulle wat vir hulle self afgode opmaak soos hulle sondige begeertes en hartstogte hulle aandryf?

Ek wil graag vir u 'n voorbeeld gee wat iets van hierdie geloofsinhoud uitwys. Dit is soos om in 'n huis in die aand saam te leef met jou ouers wat boer of om een van die plundersaars te wees wat in die nag rondloop met die begeerte om te steel en te moor.

Wie is rustig en veilig? Hulle wat saam met hul ouers in 'n plaashuis bly of hulle wat in die nag plunder en moor?

Wie in 'n plaashuis bly, leef in die lig. Hierdie lewe in die lig gaan oor om van vroeg aand af besig te wees met die boekhouding, die beplanning, die organisasie en bestuur van die boerdery bedryf, terwyl dit donker is buite. Dit gaan om van vroeg af al, terwyl dit nog buite donker is op te staan, alles gereed te kry vir die dag se werk en mekaar te organiseer om die dag weer alles saam te doen.

Dit gebeur alles in die lig van die plaashuis. In die donker om die plaas is leeglêers, rondlopers en niksnutte besig om agter hul sondige hartstogte en begeertes rond te loop om te aas op die lewe van hulle wat besig is om alles te bestuur, te organiseer en te beplan.

So wie kan só leef: “Alles is rustig en veilig?” Hulle in die huis of hulle buite die huis?

11. Dit is hoe ons die aankondiging oor die koms van die Here moet hoor: “Julle weet self maar alte goed dat die dag van die Here onverwags kom soos 'n dief in die nag.” Dit is die ironie in die sin: die dag kom soos 'n dief in die nag! Vir hulle wat diewe is in die nag, sal die dag kom net so onverwags soos hulle diewe in die nag wil kom.

Wie gaan onverwags deur die koms van die dag betrap word, hulle wat mense van die nag is of hulle wat in hul huise laataand en vroeg oggend alles gereed gemaak het vir die koms van die dag om arbeidsaam te wees?

Gaan die son opkom of gaan dit altyd nag bly? Die son gaan opkom en dan gaan hulle wat in die lig van die huis hulle gereed gemaak het vir die koms van die dag, rustig en veilig kan besig wees met alles wat hulle voorberei het. Hulle wat in die nag rondgeloop het om volgens hul begeertes te plunder en moor, sal deur die koms van die dag in angs en bedreiging gaan leef, dat hulle nou gevang gaan word.

In die donker van die laataand en vroegoggend leef ons rustig en veilig besig met die lewe saam met Christus in die lig wat Hy vir ons in die nag is. In sy liefde leef ons in liefde binne die nag. Rustig en veilig vir die dag wat kom!

12. Rustig en veilig, maar wakker en nugter!

Hoe leef ons in plaashuise met die wete van hulle wat kinders van die nag is? En dit is die ander ironie! Ons wat rustig en veilig in die Here se liefde leef, leef wakker en nugter in den deur die nag.

Wakker en nugter dat ons nie deur die plunders en moordenaars oorval sal word nie. Ons pantser onself met diefwering, met omheinings, met deurgangshekke,

wagte en kameras. Wakker en nugter vir die aanvalle van hulle wat die vrug van ons lewenswyse by ons wil roof!

Met hierdie wyse waarop ons onself pantser teen die mense van die nag, moet u weer Paulus se oproep hoor: pantser julle self met 'n borsharnas en helm om binne die nag julle self teen die mense van die nag te beskerm. Rustig en veilig in die Here se liefde, maar ook wakker en nugter deur ons geloof en hoop op God se liefde.

Mense van die lig: rustig en veilig in God se liefde, wakker en nugter deur God se liefde!

13. Ek dink ons as kerk kan met groot sekerheid vir mekaar sê dat die openbare lewe en openbare gemeenskap wat ons ken as die nuwe Suid Afrika het 'n heidense gemeenskap en lewe geword.

Dit het 'n openbare gemeenskap en lewe geword wat gedryf word deur hulle sondige hartstogte en begeertes. Dit is nie 'n gemeenskap wat gemotiveer word deur diens, roeping, toewyding en liefde nie. Die hoof van ons land is die sinnebeeld van hierdie heidense drif: om alles wat in openbare belang moet wees, vir jou eie sondige hartstogte en begeertes op te raap, te plunder en in te palm. Soos die land se openbare leier is, so is sy volgelinge. En net voor ons dit 'n rasse-saak maak, moet ons onthou hoe ons openbare bates geplunder is deur Steinhoff.

Die sekerste aanduiding van hoe ons nou 'n heidense land geword het, is die plek wat aan Jesus Christus gegee word in hierdie nuwe land: een van die gode wat jou sondige hartstogte en begeertes kan vervul!

Dit is die diepste aanslag op die Here gewees in die kerk die afgelope paar jaar. Hy moet een van die gode word van die nuwe land en sy aanhangers moet Hom aanvaar as een van die gode van die land. Hy moet een van die gode word wat alles wat sonde is, nou as liefde regverdig en as liefde goed maak. Dit was die drif wat uit teologiese fakulteite gekom het, uit predikante groepe en geestelike instellings! Mense se sondige hartstogte en begeertes is nou die nuwe Christelike deugdes van die nuwe Suid Afrika!

Wat weet ons uit die Bybel watter mag word absoluut en onaantasbaar wanneer die Here net nog 'n afgod mag wees wat mense se hartstogte as liefdes moes regverdig? Die keiser s'n

In die nuwe openbare orde is daar net een werklike sonde: rassisme! Die rassisme van wittes teen swartes! Dit is die sonde waarteen die geestelikes preek en mense van bekeer, en dit is die sonde wat die regering vervolg en bestraf. Want dit is die aantasting van die mag van die tyd!

Ons leef regtig nou in 'n heidense land met 'n heidense openbare lewe!

14. Wat is die propaganda van hierdie nuwe heidense openbare gemeenskap?

“Alles is rustig en veilig!”

Elkeen is rustig en veilig in die sosiale kontrak dat elkeen sonde as openbare deugdes uitleef en aanvaar. Die mense van die nag het die mense van die dag geword. Hulle eis nou de dag-lewe op vir hulle nagtelike drifte.

Die propaganda van hierdie heidense gemeenskap is dat ons as Christene moet inkoop in die lewenshouding: alles is rustig en veilig, elkeen doen wat hy begeer en elkeen se god aanvaar die ander gode. Gode en mense versoen met mekaar in die lewenshouding: alles is rustig en veilig! Ons drifte is nou ons deugdes!

Die offer wat ons vir hierdie lewenshouding moet bring is dat ons die Here die god van ons hartstogte en begeertes moet maak! En dit gebeur van die kansels af elke dag! Jesus wil graag hê jy moet gelukkig wees! Jesus wil graag hê jy moet 'n lewe van oorfloed hê! Jesus wil graag jou gesond, ryk en voorspoedig maak! Jesus wil graag van die nuwe Suid Afrika, wat regtig al oud en verslete is, 'n sukses maak!

Wat jy begeer sal hierdie afgod Jesus jou gee sodat jy saam met al die ander heidene rustig en veilig kan leef!

15. Wat noem die Here se Woord hierdie rustigheid en veiligheid van ons heidense land?

Dronkenskap!

Net dronk mense kan in hierdie tipe rustigheid en veiligheid waarin hulle in leef, gelukkig en tevrede wees. So dronk dat jy nie regtig omgee nie en so dronk dat jy nie regtig weet wat regtig aan die gang is nie!

Dronk gedrink van jou eie afgod Jesus wat jou sondige drifte jou openbare deugdes maak!

Dit is hoekom ons as kinders van die dag so bekommerd, so ontsteld, so bedreig en blootgestel voel in alles wat hierdie nuwe heidense gemeenskap in Suid Afrika so rustig en veilig laat voel. Wie en wat is die enigste ding wat hierdie nuwe rustige en veilige land vir sonde bedreig? Nie moordenaars nie. Nie plunderaars nie! Nie perverses nie!

Dis ons! Ons wat in die liefde wat ons van God ontvang alles wat hulle as hulle goeie kenmerke en deugdes besing, as sonde bely. Die enigste bedreiging vir dronk mense is nugter mense! Daarom moet almal altyd saam dronk wees!

16. Moedeloos en ongemotiveerd om in die liefde van die Here te leef en die Here volgens sy wet lief te hê! Dit is die donkerte wat oor die gemeente Tessalonisense in die heidense Romeinse wêreld gelê het en die donkerte wat ook van dag oor die kerk in Suid Afrika lê! Watter toekoms is daar vir ons as ons die vyande van die openbare gemeenskap en openbare lewe in hierdie nuwe heidense land geword het?

Dit is ook die gevoel van neerslagtigheid wat oor ons lê vir die nuwe jaar: 'n jaar waarin ons wat die Here lief het en in sy liefde leef die enigste mense gaan wees wat die rus en vrede gaan versteur. Watter toekoms het ons?

Vir hierdie neerslagtigheid kom die oproep van die Here: trek geloof en liefde as borsharnas aan en hoop as helm! Wat is die toekoms van hulle wat in 'n plaashuis alles gereed maak vir die dag? Die opkoms van die son!

Die lewe wat ons in die donkerte van hierdie heidense land leef, is die lewe in die lig van God se liefde in Christus vir ons. Dit is die lewe wat liefde in ons vir God volgens sy wet wek. Dit is die lewe waarin die hoop opgesluit is dat hierdie liefde is ons toekoms. In wat Paulus die hele Christelike lewe al saam in die woorde geloof, liefde en hoop. Ons leef nou in hierdie donkerte reeds in die lig wat gaan kom. Net soos ons in die nag in huise met lig leef terwyl ons gereedmaak vir die dag.

Ons is rustig en veilig in die lewe wat ons met God leef, dat ons lewenswyse is die toekoms. Die nuwe lewenswyse van hierdie heidense land, sal deur die Here verniel word en oorval word soos 'n dief in die nag, aanmekaar tot en met die wederkoms van die Here!